

12 MAART 2021



DRAKIENUUS

SKOOLHOOF:

Mev. E. Neethling (waarnemend)

KANTOOR:

Mev E van der Westhuizen –
FINANSIES & KLEREBANK

Mev E van der Bank –
LEERDERADMINISTRASIE

Me N Heugh -
ALEGEMENE NAVRAE

Tel: 021-872 4975

Epos:

admin@laerskooldrakenstein.co.za
Web: www.laerskooldrakenstein.co.za

BANKBESONDERHEDE

Nedbank: 1470052504

Takkode: 147005

Naam van Rekening: Laerskool
Drakenstein

Kind se naam, van en graad as
verwysing
asseblief

UIT DIE KANTOOR

SBL VERKIESING

Baie dankie aan die nominasies vir kandidate wat ingekom het vir die verkiesing van die nuwe SBL vir die volgende 3 jaar siklus. Alle nominasies vir kandidate het alreeds gesluit op Woensdag, 10 Maart 2021. Die 5 genomineerde ouers vir die nuwe SBL is:

Terrence Adonis (ouerkomponent)
Careen Jacobs (ouerkomponent)
Faheem Crombie (ouerkomponent)
Yolandi Paul (ouerkomponent)
Francios Sampson (ouerkomponent)

SKOOLFONDS

Ek wil u vra om u skoolfonds getrou te betaal. Die skool kan nie vooruitgaan of effektief funksioneer sonder die fondse nie. Ons uitgawes is hoog en die grootste gedeelte hiervan is vir salarisse, munisipale dienste, onderhoud op die terrein/geboue, fotostaatpapier, boeke, ens. Die skool moet self fondse in deur die hef van skoolfonds en fondsinsamelingsprojekte. Ons kry nie geld van die onderwysdepartement hiervoor nie. Daarom is die betaal van skoolfonds, asook ons fondsinsamelings wat huidiglik die trollieprojek is, baie belangrik.

TROLLIEPROJEK

Die trollieprojek is ons fondsinsamelingsprojek vir die kwartaal. Ons vra nie net nie, ons gee ook terug. Daar is 2 prysweners wat die trollies kan wen. Daar is ook 'n prys vir die leerder wat die meeste kaartjies verkoop en "lucky draw" pryse vir leerders om te wen.

Dankie vir die vorms en gelde wat alreeds ingekom het. Ons moedig alle leerders aan om betrokke te raak. Die projek sluit 6 April. Die trekking sal op 13 April plaasvind.

Drakies, ons kan mos op julle staatmaak vir 'n suksesvolle fondsinsamelingsprojek.



VERJAARSDAE

Baie geluk aan ons maatjies wat verjaar!

15 Maart	Kendall van Schoor
17 Maart	Anikah Marlie, Arvien Benans, Alnique Samson
18 Maart	Ionn Siebritz
19 Maart	Farren Meyer, Chesné Jacobs, Layla Fortuin
21 Maart	Shiloh Solomons

WAARDES

OMGEE

Ons moet ingestel wees op ander se gevoelens en dan ook op so 'n manier omgee betoon. Om iemand anders se gevoelens as waardig te beskou en te luister is omgee op sy beste!

Wys omgee deur ander te ondersteun, nie ander te spot nie en hulle deel te laat voel van die groep. Staan op vir ander as hulle tenagekom word. En doen aan ander wat jy aan jouself gedoen wil hê!



SPORTNUUS

Baie dankie aan almal wat getrou sportoefeninge bywoon.

Ons wag nog steeds vir amptelike kommunikasie vanaf WKOD in verband met wedstryde.

- Mnr Rian Rautenbach



BELANGRIKE DATUMS

MA 15 MRT Netheidskontrole

VR 19 MRT Snoepie
TUISNAWEEK

INTERSENFASE

Ons is so pas klaar met die vierde week van die kwartaal. Ons kinders het goed ingeskakel en dinge loop vlot. Daar is egter so paar leerders wat nie hul kant bring nie, maar die oorgrote meerderheid werk goed saam. Daar is ook 'n klomp kinders wie se werk regtig baie netjies is en daarvoor sê ons vir hulle baie dankie.

Ons ondervind tog dat daar kinders is wat veral in wiskunde baie maklik sê hulle verstaan nie die werk nie en dan is daar geen bewyse dat hulle eers probeer het nie. Hulle kies die maklike uitweg. Ons versoek ons ouers om vir hulle kinders in die alledaagse lewe by die huis uitdagings te stel, sodat hulle kan aanleer om planne te maak en self probleme op te los. Dit syfer deur na 'n gesonde leefstyl en sal weerspieël in hul skoolwerk. - N Rossouw

INDIVIDUELE FOTOS

Die leerders het almal 'n koevert ontvang met 'n voorbeeld van hulle individuele foto. Op die koevert is ook 'n lys van al die moontlike bestellings wat geplaas kan word.

Die bestellings moet so gou as moontlik na die skool gestuur word. Hou volgende week se drakienuus dop vir sluitingsdatum van die fotobestellings.

Indien u die foto wil bestel:

- Plaas die **korrekte** bedrag in die koevert (geen kleingeld word gegee nie)
- Merk voor op die koevert presies wat u bestel het.
- Stuur dit na die klasonderwyser wat dit op die klaslys sal afmerk.

Ons vra asseblief dat u seker maak dat u kind se naam korrek op die koevert gespel is. Enige veranderings kan op die koevert gemaak word, sodat Prestige dit kan sien wanneer hulle die koeverte ontvang.

grondslagfase

Ek weet daar is nie van al die klere in die klerebank nie, maar probeer asseblief u kind met die regte kleredrag skool toe stuur. Woensdae en Vrydae is L.O. klere en as dit koud is mag hulle 'n sweetpak bo-oor aantrek. Die ander drie dae is dit formele skooldrag. Dan mag daar geen sweetpakke of net 'n sweetpakbaadjie aangetrek word nie.

Ek sien van ons maats is hard aan die woeker met hulle trollie-vorms. Baie dankie daarvoor.

En baie dankie ook vir al die paaseiers wat ons al ontvang het. Dit word baie waardeer. Die paaseiersprojek is een van ons skool se gemeenskapsprojekte. - Juf Soekie du Plessis

NASORG
Hannepie Smit.
082 403 4171

nasorg@laerskooldrakenstein.co.za